

## FEDERICO ZANOTTA RIZZO

*Algemene Bestuurder by Abengoa Teyma South Africa*

Federico is 'n talentvolle sakeleier met uitgebreide ervaring in die energie- en die infrastruktuursektor, waar sy passies lê. Dit is wat daartoe gelei het dat hy 14 jaar gelede by Abengoa Teyma SA aangesluit het, waar hy verskeie rolle vervul. As Algemene Bestuurder is hy 'n bepalende aandrywer van die maatskappy se groei en sukses in die streek. Hy hou toesig oor alle werksaamhede in Suid-Afrika, wat onder meer behels dat hy verantwoordelikheid vir projekontwikkeling, konstruksie en instandhouding dra. Federico het deur sy loopbaan heen erkenning vir sy buitengewone leierskapvaardighede, strategiese denke en verbondenheid tot uitnemendheid ontvang.



## KOKKIE KOOYMAN

*Uitvoerende direkteur en portefeuljebestuurder, HonsBCom, Hoër Diploma in Opvoeding, GR(SA)*

Kokkie bestuur die bekroonde Denker Global Financial Fund en die randgedenomineerde voerfonds daarvan. Hy het in 1989 by Old Mutual aangesluit, waar hy 10 jaar lank verskeie beleggingsbestuursrolle vervul het en met sy uittrede Hoof: Finansiëledienstesektor was. Daarna het hy vyf jaar lank, vanaf 1999, die plaaslike en globale finansiële fondse by Coronation Fund Managers bestuur. In 2004 het hy SIM (Sanlam Investment Management) Global gestig, wat later met SIM Unconstrained Capital Partners sou saamsmelt om Denker Capital te vorm. Kokkie het vier keer die gesogte UK-tydskrif *Investment Week* se Fund Manager of the Year-toekenning in die finansiële kategorie ontvang: 2010, 2011, 2012, 2013. Die fondse wat hy oor die jare heen bestuur het, is met 'n rits bedryfstoekennings bekroon. Daar was, onder meer, die Morningstar-toekenning vir die Denker Global Financial Fund sowel as Raging Bull-toekennings vir die Nedgroup Investments Financials Fund en die Denker SCI Global Equity Feeder Fund (die voerfonds vir die Denker Global Equity Fund, wat in Suid-Afrika geregistreer is).



## ARNO LAWRENZ

Arno is sedert ongeveer 1991 by beleggingsbestuur betrokke en het oor die jare heen nie net diepgaande institusionele kennis opgebou nie maar ook 'n uitgebreide netwerk in Suid-Afrikaanse finansiële markte. Hy het fondse en portefeuljebestuurspanne by sommige van die grootste batebestuurders in die land bestuur oor die volle spektrum mandate heen, vanaf vaste-inkomste- tot globale veelvuldige-bates-fondse. Getrou aan sy sterk entrepreneuriese ingesteldheid stig hy Atlantic Asset Management in 2007. In sy hoedanigheid as HBB het Arno 'n groeiplatform verskaf waarvandaan 'n rits fondse en oplossings geloods is voordat Atlantic deur FirstRand Group bekom is. Sy mees onlangse posisie is as globale beleggingstrateeg by Ashburton Investments, waar hy voorsitter van hulle Global Macro Forum is en verantwoordelikheid dra vir die dag-tot-dag-bestuur van die portefeuljereeks in hulle Global Multi-asset Fund. Arno het 'n honneursgraad in wiskundige statistiek en is 'n CFA-oktrooihouer. Buiten sy rol in finansiële markte dien hy ook in die raad van adviseurs in die biotegnologieruimte.